

1.1. Skryf die volgende sinne in die negatief / ontkennde vorm:

- 1.1.1. Het  **jy al ooit**  slegte punte in 'n toets behaal? (2)  
1.1.2. Ek hou baie van my ouma se lekker karringmelkbeskuit. (2)  
1.1.3. Is daar  **iets**  waarmee  **ek jou**  kan help? (2)  
1.1.4. Is daar  **iets**  wat  **jy**  nog moet doen? (2)  
1.1.5. Torique is baie opgewonde oor die vakansie. (2)

1.2. Plaas die volgende sinne in die korrekte woordorde en begin met die woord/frase wat vetgedruk is:

- 1.2.1. (**Chad**)(om sy sussie by die skool te gaan aflaai)(môre vroeg)(sal)(opstaan) (1)  
1.2.2. (Professor Majekiso)(**eergister**)(sy dokumente)(by die huis)(vergeet)(het) (1)  
1.2.3. (**om goeie punte te behaal**)(leer)(Nqobile)(baie hard)(vir die toets)(vandag) (1)  
1.2.4. (**Khanya**)(oormôre)(haar)(naels)(sal)(verf) (1)  
1.2.5. (**Jean-Pierre**)(baie goed)(krieket)(speel)(elke dag) (1)

1.3. Skryf die volgende sinne in die verlede tyd:

- 1.3.1. Thulani geniet elke oomblik van die universiteitslewe. (2)  
1.3.2. Bryn staan en eet 'n heerlike hamburger tydens etenstyd. (2)  
1.3.3. Meneer Koen is in Grahamstad. (2)  
1.3.4. Amber skakel die lig in die lesinglokaal aan. (2)  
1.3.5. Jonathan staan en skree op die onbeskofte motorbestuurder. (2)

1.4. Skryf die volgende sinne in die toekomstige tyd:

- 1.4.1. Joanne is elke dag die hele dag by die universiteit. (1)  
1.4.2. Conor het 'n groot swaar sak vol boeke. (1)  
1.4.3. Kaylin het nege katte. (1)  
1.4.4. Chandre is nie lief vir Warrick nie. (1)  
1.4.5. Jaymor is 'n leergierige student. (1)

1.5. Skryf die volgende sinne in die lydende vorm en begin met die frase wat vetgedruk is:

- 1.5.1. Lehlohonolo het gister  **die kat**  vinnig uit die groot boom gered. (2)  
1.5.2. Sisanda sal môre  **die onbeskofte man**  in die klas hard klap. (2)  
1.5.3. Samkelesiwe maak 'n  **mooi plakkaat** . (2)  
1.5.4. Nathalia soek  **haar hond**  by die parkie. (2)  
1.5.5. Devandré het laas week  **sy notas**  by die huis vergeet. (2)

1.6. **Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:**  
***Onthou om die korrekte leesteken voor die voegwoord te plaas.***

- 1.6.1. Mhlali streel haar kat se pels. Sy hou baie van katte. **(want)** (1)  
1.6.2. Revano hou nie van die kleur rooi nie. Hy dra nooit rooi klere nie. **(daarom)** (1)  
1.6.3. Micaela is vandag baie siek. Sy kan nie die toets skryf nie. **(gevolglik)** (1)  
1.6.4. Fabio hou nie van Geskiedenis nie. Hy kry goeie punte. **(alhoewel)** (1)  
1.6.5. Micano ry baie vinnig met sy motor. Hy is nie laat nie. **(al)** (1)

1.7. **Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:**

- 1.7.1. Robynn sê: “Ek is moeg geleer.” (1)  
1.7.2. Kaylin **het** gister gevra: “Waar is my toets?” (1)  
1.7.3. Damian vra: “Hoekom moet ons soveel werk doen?” (1)  
1.7.4. Jean-Pierre sê: “Ek is baie honger.” (1)  
1.7.5. Nadine **het** eergister gesê: “Julle is my beste vriende.” (1)